



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1365

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS

OVERSEAS 15c OORSEE

POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1365

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 65]

PRETORIA, 20 NOVEMBER 1970
20 NOVEMBER

[No. 2931

PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic
of South Africa*

No. R. 292, 1970

**DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE
LAND SURVEY AMENDMENT ACT, 1970 (ACT 64
OF 1970)**

Under the powers vested in me by section 12 of the Land Survey Amendment Act, 1970 (Act 64 of 1970), I do hereby declare that the above-mentioned Act shall come into operation on the first day of January 1971.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on the Ninth day of November, One thousand Nine Hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

No. R. 293, 1970

**DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE
LAND SURVEYORS' REGISTRATION AMEND-
MENT ACT, 1970 (ACT 65 OF 1970)**

Under the powers vested in me by section 12 of the Land Surveyors' Registration Amendment Act, 1970 (Act 65 of 1970), I do hereby declare that the above-mentioned Act shall come into operation on the first day of January 1971.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on the Ninth day of November, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

A—58483

PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek
van Suid-Afrika*

No. R. 292, 1970

**DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE
OPMETINGSWYSIGINGSWET, 1970 (WET 64 VAN
1970)**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 van die Opmetingswysigingswet, 1970 (Wet 64 van 1970), verklaar ek hierby dat die genoemde Wet op die eerste dag van Januarie 1971 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Negende dag van November Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

No. R. 293, 1970

**DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE
WYSIGINGSWET OP LANDMETERSREGISTRASIE,
1970 (WET 65 VAN 1970)**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 van die Wysigingswet op Landmetersregistrasie, 1970 (Wet 65 van 1970), verklaar ek hierby dat die genoemde Wet op die eerste dag van Januarie 1971 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Negende dag van November Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

1—2931

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT
AND LAND TENURE

No R. 2006

20 November 1970

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 5 of the Land Surveyors Ordinance, 1963 (Ordinance 10 of 1963), of South-West Africa, read with section 19 (2) of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (Act 25 of 1969), approved the following amendments to the regulations published under Government Notice 33, dated 1 April 1964, of South-West Africa, as amended by Government Notice 168, dated 1 November 1968, of South-West Africa.

These amendments shall come into operation on 1 January 1971.

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 1:

"1. Definitions

In these regulations, unless the context otherwise indicates—

'assistant' means a person, other than a land surveyor, who performs cadastral surveys under the personal supervision of a land surveyor, as contemplated in the Land Survey Act;

'the Land Survey Act' means the Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927), of the Republic of South Africa;

'the Ordinance' means the Land Surveyors Ordinance, 1963 (No. 10 of 1963)".

2. regulation 8 is hereby amended—

(a) by the substitution for subregulation (4) of the following subregulation:

"(4) to improve the status and maintain the integrity of the profession and to provide for the amicable settlement or adjustment of professional disputes;" and

(b) by the deletion of subregulations (16) and (22).

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 11:

"11. Membership

(1) Members of the Institute shall be divided into the following classes:

(a) Land surveyors in the salaried employment of the State, or of a local authority, who shall be known as *salaried members*;

(b) land surveyors, who are members of another land surveyors' institute or association and have their registered addresses outside the boundaries of the Territory of South-West Africa, who shall be known as *reciprocal members*;

(c) land surveyors, who have retired and do not participate actively in any form of surveying, who shall be known as *retired members*;

(d) land surveyors who, by virtue of distinguished service to the survey profession, have been elected to membership for life at a general meeting of the Institute, who shall be known as *life members*;

(e) all other land surveyors not falling within any of the preceding groups, who shall be known as *practising members*;

Provided that—

(i) any person, not being a land surveyor may, by virtue of distinguished service to the survey profession or to the science of surveying, be elected at a general meeting of the Institute as a *honorary member*; and

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET
EN GRONDBESIT

No. R. 2006

20 November 1970

Die Minister van Landbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Landmeters, 1963 (Ordonnansie 10 van 1963), van Suidwes-Afrika, saamgelees met artikel 19 (2) van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (Wet 25 van 1969), sy goedkeuring geheg aan die volgende wysigings van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing 33 van 1 April 1964 van Suidwes-Afrika, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 168 van 1 November 1968 van Suidwes-Afrika.

Hierdie wysigings tree in werking op 1 Januarie 1971.

1. Regulasie 1 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"1. Woordbepaling

In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

'assistent' iemand anders as 'n landmeter wat onder die persoonlike toesig van 'n landmeter soos in die Opmetingswet bedoel, kadastrale opmetings doen;

'die Opmetingswet' die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), van die Republiek van Suid-Afrika;

'die Ordonnansie' die Ordonnansie op Landmeters, 1963 (No. 10 van 1963)".

2. Regulasie 8 word hierby gewysig—

(a) deur subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(4) om die status van die beroep te verbeter en sy integriteit te handhaaf en om voorsiening te maak vir die vriendskaplike skikking of beslegting van professionele geskille;" en

(b) deur subregulasies (16) en (22) te skrap.

3. Regulasie 11 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"11. Lidmaatskap

(1) Lede van die Instituut word in die volgende klasse verdeel:

(a) Landmeters in die gesalarieerde diens van die Staat of van 'n plaaslike bestuur, wat bekend staan as *gesalarieerde lede*;

(b) landmeters wat lede van 'n ander landmetersinstituut of -vereniging is en hul geregistreerde adresse buite die grense van die gebied Suidwes-Afrika het, wat bekend staan as *wedersydse lede*;

(c) landmeters wat afgetree het en wat nie meer aktief deelneem aan enige vorm van opmeting nie, wat bekend staan as *afgetrede lede*;

(d) landmeters wat uit hoofde van uitnemende diens aan die opmetingsprofessie, op 'n algemene vergadering van die Instituut tot lewenslange lede verkies is, wat bekend staan as *lewenslange lede*;

(e) alle ander landmeters wat nie onder een van voormelde groepe ressorteer nie, wat bekend staan as *praktiserende lede*;

Met dien verstande dat—

(i) enige persoon wat nie 'n landmeter is nie, op 'n algemene vergadering van die Instituut tot *erelid* verkies kan word uit hoofde van uitnemende diens aan die opmetingsprofessie of -wetenskap; en

(ii) any student who intends qualifying himself as a land surveyor, may be elected at a general meeting of the Institute, as a *student member*.

(2) Honorary and student members shall have the same rights as other members of the Institute, but shall not vote at any meeting of the Institute.

(3) Every member shall be entitled to a certificate of membership on payment of the registration fee of R10: Provided that an honorary member shall be entitled to such certificate free of charge and provided further that a student member shall not be entitled to such a certificate.

(4) A general meeting shall determine the annual subscription for all classes of membership. The annual subscription may be determined in such a manner as to differentiate between classes of membership as well as between members in each class, bearing in mind such factors as age, distance from headquarters of the Institute to that of the registered address of the member, or any such other matter as the general meeting may deem fit.

(5) Any member may apply to the Council to change his class of membership and the Council shall not unreasonably withhold approval of such application.

(6) No practising or salaried member may be transferred to the retired class while performing cadastral surveys in the Territory.

(7) It shall be lawful for any registered member at any time to resign.

(8) The annual subscription for any year shall be due on the first of January of that year, and if a member's subscription is not paid within three months of that date, he shall automatically cease to be a member of the Institute, with effect from the date of expiring of the said period. On receipt of the outstanding subscription he shall forthwith be reinstated as a member of the Institute: Provided that the removal of his name was not as the result of an action taken in terms of section 9 (1) of the Ordinance.

(9) A member shall not be liable for more than one half of the annual subscription for the first year if he becomes a member of the Institute after the first of July of that year.

(10) Every member whose name appears on the register, shall have the right to style himself Member of the Institute of S.W.A. Land Surveyors and use the affix M.I.L.S. (S.W.A.)."

4. Regulations 12 and 13 are hereby deleted.

5. Regulation 14 is hereby amended by the substitution for the words "Survey Ordinance" of the words "Land Survey Act".

6. Regulation 15 is hereby deleted.

7. Annexure C is hereby amended—

(a) by the substitution for the words "Land Survey Ordinance" in subparagraph (3) of paragraph 1 of the words "Land Survey Act";

(b) by the substitution for subparagraph (4) of paragraph 1 of the following subparagraph:

"(4) Travelling, transport and subsistence fees shall be charged in accordance with paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act";

(c) by the deletion of subparagraph (5) of paragraph 1;

(d) by the substitution for the words "Land Survey Ordinance" in subparagraph (9) of paragraph 1 of the words "Land Survey Act";

(ii) enige student wat voornemens is om hom as landmeter te bekwaam op 'n algemene vergadering van die Instituut tot *studentelid* verkies kan word.

(2) Ere- en studenteleden het dieselfde regte as ander lede van die Instituut maar mag nie op 'n vergadering van die Instituut stem nie.

(3) Elke lid is by betaling van die registrasiegeld van R10 geregtig op 'n lidmaatskapsertifikaat: Met dien verstande dat 'n erelid kosteloos geregtig is op 'n bedoelde sertifikaat en met dien verstande voorts dat 'n studentelid nie op 'n bedoelde sertifikaat geregtig is nie.

(4) Die jaarlikse inskrywingsgeld vir alle klasse lede word deur 'n algemene vergadering bepaal. Die jaarlikse inskrywingsgeld kan op so 'n wyse bepaal word dat verskil gemaak word tussen klasse lidmaatskap asook tussen lede in elke klas met inagneming van faktore soos ouderdom, afstand vanaf die hoofkantoor van die Instituut na die geregistreerde adres van die lid, of enige ander aangeleentheid wat die algemene vergadering goedvind.

(5) Enige lid kan by die Raad aansoek doen om sy klas lidmaatskap te verander en die goedkeuring van bedoelde aansoek word nie onredelik deur die Raad weerhou nie.

(6) Geen praktiserende of gesalarieerde lid mag na die afgetrede klas oorgeplaas word terwyl hy kadastrale opmetings in die Gebied doen nie.

(7) Enige geregistreerde lid is geregtig om te eniger tyd te bedank.

(8) Die jaarlikse inskrywingsgeld vir enige jaar is betaalbaar op die eerste dag van Januarie van daardie jaar, en as 'n lid se inskrywingsgeld nie binne drie maande na daardie datum betaal is nie, hou hy outomaties op om lid van die Instituut te wees en wel met ingang van die datum van verstryking van bedoelde tydperk. By ontvangs van uitstaande inskrywingsgeld word so 'n lid onmiddellik as lid van die Instituut herstel, mits die skraping van sy naam nie die gevolg van optrede ingevolge artikel 9 (1) van die Ordonnansie was nie.

(9) 'n Lid is nie vir meer as die helfte van die jaarlikse inskrywingsgeld vir die eerste jaar aanspreeklik nie indien hy na die eerste dag van Julie van daardie jaar lid word.

(10) Elke lid wie se naam in die register verskyn, het die reg om hom Lid van die Instituut van Suidwes-Afrikaanse Landmeters te noem en die agtervoegsel L.I.L.M. (S.W.A.) te gebruik."

4. Regulasies 12 en 13 word hierby geskrap.

5. Regulasie 14 word hierby gewysig deur die woorde "Ordonnansie op Landmeting" deur die woord "Opmetingswet" te vervang.

6. Regulasie 15 word hierby geskrap.

7. Bylae C word hierby gewysig—

(a) deur die woorde "Ordonnansie op Landmeting" in subparagraaf (3) van paragraaf 1 deur die woord "Opmetingswet" te vervang;

(b) deur subparagraaf (4) van paragraaf 1 deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(4) Reis-, vervoer- en verblyfkooste moet gevorder word ooreenkomstig paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet";

(c) deur subparagraaf (5) van paragraaf 1 te skrap;

(d) deur die woorde "Bylae" en "Ordonnansie op Landmeting" in subparagraaf (9) van paragraaf 1 deur onderskeidelik die woorde "Aanhangsel" en "Opmetingswet" te vervang;

(e) by the substitution for subparagraph (3) of paragraph 2 of the following subparagraph:

“(3) Travelling, transport and subsistence shall be charged in accordance with paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act.”;

(f) by the substitution for subparagraph (5) of paragraph 3 of the following subparagraph:

“(5) Travelling, transport and subsistence shall be charged in accordance with paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act: Provided that no charge shall be made for bush clearing.”;

(g) by the substitution for the words “Land Survey Ordinance” in the proviso of subparagraph (1) of paragraph 4, of the words “Land Survey Act”;

(h) by the substitution for the words “paragraphs 10, 11 and 13 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Ordinance” in subparagraph (4) of paragraph 4, of the words “paragraphs 10 and 13 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act.”;

(i) by the substitution for subparagraph (3) of paragraph 5 of the following subparagraph:

“(3) Travelling, transport and subsistence shall be charged in accordance with paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act, in respect of any distance travelled beyond the 10 miles.”;

(j) by the substitution for the words “paragraphs 10 and 11 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Ordinance” in subparagraph (2) of paragraph 6, of the words “paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act.”;

(k) by the substitution for the words “9 of the regulations framed in terms of the Land Surveyors Ordinance” in subparagraph (5) of paragraph 7, of the words “11 of the regulations framed in terms of the Land Survey Act.”;

(l) by the substitution for subparagraph (11) of paragraph 7 of the following subparagraph:

“(11) Travelling and transport shall be charged in accordance with paragraph 10 of Annexure A of the regulations framed in terms of the Land Survey Act.”;

(m) by the substitution for the words “Land Survey Ordinance” where they appear in paragraph 8, of the words “Land Survey Act”;

(n) by the substitution for the words “Land Survey Ordinance” in subparagraph (2) of paragraph 9, of the words “Land Survey Act”;

(o) by the substitution for the words “Land Survey Ordinance” in subparagraph (8) of paragraph 10, of the words “Land Survey Act”; and

(p) by the substitution for the words “Land Survey Ordinance” in subparagraph (5) of paragraph 11, of the words “Land Survey Act”.

(e) deur subparagraaf (3) van paragraaf 2 deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(3) Reis-, vervoer- en verblyfkoste moet ooreenkomstig paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet gevorder word.”;

(f) deur subparagraaf (5) van paragraaf 3 deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(5) Reis-, vervoer- en verblyfkoste moet ooreenkomstig paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet gevorder word: Met dien verstande dat geen gelde vir bosopruiming gevorder word nie.”;

(g) deur die woorde “Bylae” en “Ordonnansie op Opmeting” in die voorbehoudsbepaling van subparagraaf (1) van paragraaf 4 deur onderskeidelik die woorde “Aanhangsel” en “Opmetingswet” te vervang;

(h) deur die woorde “paragrafe 10, 11 en 13 van Bylae A van die regulasies opgestel ingevolge die Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (4) van paragraaf 4 deur die woorde “paragrafe 10 en 13 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet” te vervang;

(i) deur subparagraaf (3) van paragraaf 5 deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(3) Reis-, vervoer- en verblyfkoste moet gevorder word ooreenkomstig paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet ten opsigte van enige afstand verder as die 10 myl gereis.”;

(j) deur die woorde “paragrafe 10 en 11 van Bylae A van die regulasies opgestel ingevolge die Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (2) van paragraaf 6 deur die woorde “paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet” te vervang;

(k) deur die woorde “9 van die regulasies opgestel ingevolge die Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (5) van paragraaf 7 deur die woorde “11 van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet” te vervang;

(l) deur subparagraaf (11) van paragraaf 7 deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(11) Reis- en vervoerkoste moet ooreenkomstig paragraaf 10 van Aanhangsel A van die regulasies opgestel ingevolge die Opmetingswet gevorder word.”;

(m) deur die woorde “Bylae” en “Ordonnansie op Landmeting” oral waar dit in paragraaf 8 voorkom deur onderskeidelik die woorde “Aanhangsel” en “Opmetingswet” te vervang;

(n) deur die woorde “Bylae” en “Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (2) van paragraaf 9 deur onderskeidelik die woorde “Aanhangsel” en “Opmetingswet” te vervang;

(o) deur die woorde “Bylae” en “Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (8) van paragraaf 10 deur onderskeidelik die woorde “Aanhangsel” en “Opmetingswet” te vervang; en

(p) deur die woorde “Bylae” en “Ordonnansie op Landmeting” in subparagraaf (5) van paragraaf 11 deur onderskeidelik die woorde “Aanhangsel” en “Opmetingswet” te vervang.

No. R. 2007

20 November 1970

The Minister of Agriculture has by virtue of the powers vested in him by section 18 of the Land Surveyors Registration Act, 1950 (Act 14 of 1950), approved the following amendments made by the Central Council of Land Surveyors to the rules promulgated by Government Notice R. 420, dated 20 March 1964, as amended by Government Notice R. 3150, dated 22 August 1969.

These amendments shall come into operation on 1 January 1971.

1. The following rule is hereby substituted for rule 1:

"1. In these rules, unless the context otherwise indicates—

'land surveyor' means a land surveyor registered under the Act;

'personal supervision' or 'personally supervise' shall have the same meaning as assigned to it in the Survey Act;

'the Act' means the Land Surveyors Registration Act, 1950 (Act 14 of 1950);

'the Survey Act' means the Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927);

and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, when used in these rules, shall have the meaning thus assigned thereto."

2. Rule 7 is hereby amended—

(a) by the substitution for subrule (10) of the following subrule:

"(10) charging, or quoting, fees for professional services in conflict with those prescribed in—

(a) Annexure C hereto, in respect of surveys other than for a State Department for the registration of mining title; or

(b) Annexure A to the Survey Regulations published under Government Notice R. 1814, dated 2 November 1962, in respect of all other cadastral surveys; or

(c) Annexure C to the Regulations published under the Land Surveyors' Ordinance, 1963 (Ordinance 10 of 1963 of the territory of South-West Africa);"

(b) by the substitution for subrule (12) of the following subrule—

"(12) in respect of cadastral surveys—

(a) personally supervising more than two assistants; or

(b) permitting an assistant to perform field survey operations without personally supervising such operations."

(c) by the substitution for the words "title survey" where they occur in subrule (22), of the words "cadastral survey";

(d) by the substitution for the words "title surveys" where they occur in subrule (23), of the words "cadastral surveys";

(e) by the substitution for the words "non-title surveys" where they occur in subrule (29) (ii) (f), of the words "non-cadastral surveys"; and

(f) by the insertion after paragraph (g) of subrule (29) (ii) of the following paragraph:

"(h) superseding another land surveyor at the request of a client or the Local Institute of Land Surveyors, on any survey work entrusted to such land surveyor by the said client, which has been unreasonably delayed and after such land surveyor has failed to reply within three weeks to a written request by the said institute, to complete the said work."

No. R. 2007

20 November 1970

Die Minister van Landbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 18 van die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950), sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysigings wat deur die Sentrale Landmetersraad aangebring is aan die reëls afgekondig by Goewermmentskennisgewing R. 420 van 20 Maart 1964, soos gewysig by Goewermmentskennisgewing R. 3150 van 22 Augustus 1969.

Hierdie wysiging tree in werking op 1 Januarie 1971.

1. Reël 1 word hierby deur die volgende reël vervang:

"1. In hierdie reëls tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

'die Opmetingswet' die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927);

'die Wet' die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950);

'landmeter' 'n landmeter kragtens die Wet geregistreer; en

'persoonlike toesig' of 'persoonlik toesig hou' dieselfde as wat dit in die Opmetingswet beteken;

en het 'n woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, wanneer dit in hierdie reëls gebruik word die betekenis wat aldus daaraan geheg is."

2. Reël 7 word hierby gewysig—

(a) deur subreël (10) deur die volgende subreël te vervang:

"(10) vir professionele dienste gelde vorder of noteer wat teenstrydig is met dié voorgeskryf in—

(a) Aanhangsel C hiervan ten opsigte van opmetings, uitgesonderd opmetings vir Staatsdepartemente, vir die registrasie van mynbriewe; of

(b) Aanhangsel A van die Opmetingsregulasies gepubliseer by Goewermmentskennisgewing R. 1814 van 2 November 1962, ten opsigte van alle ander kadastrale opmetings; of

(c) Aanhangsel C van die Regulasie gepubliseer kragtens die Ordonnansie op Landmeters, 1963 (Ordonnansie 10 van 1963 van die Gebied Suidwes-Afrika);"

(b) deur subreël (12) deur die volgende subreël te vervang:

"(12) in verband met kadastrale opmetings—

(a) persoonlik toesig hou oor meer as twee assistente; of

(b) 'n assistent toelaat om veldopmetingswerk te onderneem sonder om oor sodanige werk persoonlik toesig te hou."

(c) deur die woord "titelopmeting" waar dit in subreël (22) voorkom, deur die woorde "kadastrale opmeting" te vervang;

(d) deur die woord "titelopmetings" waar dit in subreël (23) voorkom, deur die woorde "kadastrale opmetings" te vervang;

(e) deur die woord "nie-titelopmetings" waar dit in subreël (29) (ii) (f) voorkom, deur die woorde "nie-kadastrale opmetings" te vervang; en

(f) deur na paragraaf (g) in subreël (29) (ii) die volgende paragraaf in te voeg:

"(h) 'n onder landmeter, op versoek van 'n kliënt of die plaaslike landmetersinstituut, te vervang in opmetingswerk wat deur bedoelde kliënt aan sodanige landmeter opgedra is en wat onredelik vertraag is en nadat sodanige landmeter versuim het om binne drie weke te antwoord op 'n skriftelike versoek deur bedoelde instituut om bedoelde werk te voltooi."

3. Annexure B is hereby amended by the insertion after the words "the Republic of South Africa" where they appear the second time, of the words "and the Territory of South-West Africa."

4. Annexure D is hereby amended by the deletion of the words "of the Republic of South Africa".

No. R. 2008

20 November 1970

AMENDMENT OF LAND SURVEY ACT REGULATIONS

The Survey Regulations Board, established under section 8 of the Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927), has, under the powers vested in it by the said section and section 9 of the said Act and with the approval of the State President, made the following amendments to the regulations published under Government Notice R. 1814, dated 2 November 1962, as amended by Government Notices R. 1395, dated 11 September 1964, R. 533, dated 21 April 1967, R. 1033, dated 20 June 1969, and R. 1126, dated 4 July 1969.

These amendments shall come into operation on 1 January 1971.

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 3:

"3. (1) Subject to the provisions of subregulation (2), the training in survey work to be undergone by a candidate for admittance to practise as a land surveyor, shall be the carrying out of survey work under the personal supervision of a land surveyor practising as such.

(2) The period of the training referred to in subregulation (1), the nature of which shall be approved by the Survey Board, shall be not less than 270 working days: Provided that if a candidate has undergone training in survey work not necessarily under the personal supervision of a land surveyor, or during the course of practice has undertaken survey work, which in the opinion of the Survey Board is equivalent to the work referred to in subregulation (1), he may be granted exemption from such portion of the period of training prescribed in this subregulation as the Survey Board may determine: Provided further that the period of training occupied in carrying out cadastral surveys shall be not less than 135 working days after completion of the academic training of the said candidate.

(3) (a) Proof of employment during the period of training by a candidate shall be submitted by him to the Survey Board in the form of a certificate substantially as set out hereunder:

CERTIFICATE OF EMPLOYMENT

I, _____ a land surveyor practising in the Republic of South Africa, a surveyor practising in _____* do hereby certify that Mr _____ has been engaged in survey work under my personal supervision for the following periods: _____

and that, for not less than _____ days of this period he was occupied on cadastral surveys, particulars of which in regard to the time and nature of the work, are annexed.
Dated at _____ on the _____ day of _____

Land Surveyor/Surveyor*

*Delete whichever is not applicable.

(b) The certificate prescribed in this regulation shall be supported by an annexure in the form of a diary, signed by the land surveyor or the surveyor and the candidate, in which detailed particulars of all survey work are entered.

3. Aanhangsel B word hierby gewysig deur na die woorde "die Republiek van Suid-Afrika" waar dit vir die tweede maal verskyn, die woorde "en die gebied Suidwes-Afrika" in te voeg.

4. Aanhangsel D word hierby gewysig deur die woorde "van die Republiek van Suid-Afrika" te skrap.

No. R. 2008

20 November 1970

WYSIGING VAN OPMETINGSWET- REGULASIES

Die Opmetingsregulasieraad wat by artikel 8 van die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), ingestel is, het kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde artikel en artikel 9 van genoemde Wet en met die goedkeuring van die Staatspresident onderstaande wysigings aangebring aan die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1814 van 2 November 1962, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1395 van 11 September 1964, R. 533 van 21 April 1967, R. 1033 van 20 Junie 1969 en R. 1126 van 4 Julie 1969.

Hierdie wysigings tree in werking op 1 Januarie 1971.

1. Regulasie 3 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"3. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) is die opleiding in opmetingswerk wat 'n kandidaat moet ontvang vir toelating om as landmeter te praktiseer, die uitvoering van opmetingswerk onder die persoonlike toesig van 'n landmeter wat as sodanig praktiseer.

(2) Die tydperk van die opleiding in subregulasie (1) bedoel, waarvan die aard deur die Opmetingsraad goedgekeur moet word, is minstens 270 werkdade: Met dien verstande dat as 'n kandidaat opleiding in opmetingswerk ontvang het, nie noodwendig onder die persoonlike toesig van 'n landmeter nie, of as hy tydens die uitvoering van 'n praktyk opmetingswerk gedoen het wat na die mening van die Opmetingsraad gelykstaande is met dié werk wat in subregulasie (1) genoem word, hy vrygestel kan word van sodanige tydperk van die opleiding wat in hierdie subregulasie voorgeskryf is as wat die Opmetingsraad mag beslis: Voorts met dien verstande dat die tydperk van opleiding in beslag geneem deur die uitvoering van kadastrale opmetings, minstens 135 werkdade, na voltooiing van bedoelde kandidaat se akademiese opleiding, moet wees.

(3) (a) Bewys dat 'n kandidaat gedurende die tydperk van opleiding in diens was, moet deur die kandidaat aan die Opmetingsraad voorgelê word in die vorm van 'n sertifikaat wesenlik soos hieronder uiteengesit:

SERTIFIKAAT VAN DIENS

Ek, _____, 'n landmeter wat in die Republiek van Suid-Afrika praktiseer/'n opmeter wat praktiseer in _____*, sertifiseer hierby dat mnr. _____ opmetingswerk onder my persoonlike toesig verrig het gedurende die volgende tydperke: _____

en dat hy vir minstens _____ dae van hierdie tydperk besig was met kadastrale opmetings, waarvan besonderhede ten opsigte van die tyd en aard van die werk aangeheg is.
Gedateer te _____ op die _____ dag van _____

Landmeter/Opmeter*

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

(b) Die sertifikaat wat in hierdie regulasie voorgeskryf word, moet deur 'n aanhangsel, in die vorm van 'n dagboek, gestaaft word. Die dagboek, onderteken deur die landmeter of opmeter en deur die kandidaat, moet 'n gedetailleerde uiteensetting van al die opmetingswerk bevat.

(c) The Survey Board may dispense with the certificate prescribed in this subregulation, if it is satisfied that the land surveyor or the surveyor with whom the candidate was employed, unreasonably refuses, or for some reason is not in a position to grant the certificate: Provided that proof to its satisfaction can be given that the candidate was actually employed under the personal supervision of such land surveyor or surveyor for the periods during which he claims to have been so employed.

(d) Exemption in terms of subregulation (2) shall not be granted unless proof of training or practice to the satisfaction of the Survey Board can be given.

(e) The Survey Board may require the candidate to undergo such further training as it may deem fit and may refuse to accept a certificate for a shorter period of training than 45 working days.

(4) The fee payable for the certificate of qualification to be registered as a land surveyor is R20.

(5) For the purpose of this regulation—

‘cadastral surveys’ means survey operations executed with a view to the registration of land or real rights therein or to the relocation of beacons, and includes the preparation of the relevant survey records;

‘survey work’ means such land survey operations, the nature of which shall be approved by the Survey Board and includes cadastral surveys.”

2. Regulation 23 is hereby amended—

(a) by the substitution of the words “paragraph (b)” in subregulation 1 (d) by the words “subparagraph (i) and (ii) of paragraph (a)”; and

(b) by the renumbering of paragraphs (c) and (d) of subregulation (1), as (b) and (c).

3. Regulation 37 is hereby amended by the substitution for paragraphs (a) and (b) of subregulation (2) of the following paragraphs:

“(a) the closure of a data traverse computed round the rectilinear figure exceeds

$$0.02 + \frac{P\sqrt{n}}{10\,000}$$

or

(b) the inconsistency in the area of the rectilinear figure as computed from its sides and angles, or directions, exceeds

$$2 + \frac{p^2\sqrt{n}}{80\,000}$$

where p represents the perimeter and n the number of sides of the rectilinear figure.”

4. Regulation 52 is hereby amended by the substitution for paragraph (iii) of the following paragraph:

“(iii) if the Surveyor General is required to provide the additional copies of a diagram or general plan as referred to in regulations 25 and 54 respectively;”

5. Regulation 56 is hereby amended by the insertion of the figure “30” between the figures “29” and “32” where they occur in subregulation (1).

6. Regulation 59 is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

“(1) The survey records referred to in paragraph (c) of subsection (1) of section 13 of the Act shall be—

(a) the original field-book;

(b) the computations, which shall include a list of all final co-ordinates in which complete references to the source from which the co-ordinates were obtained shall be provided;

(c) Die Opmetingsraad kan afsien van die sertifikaat wat in hierdie subregulasie voorgeskryf word indien hy oortuig is dat die landmeter of opmeter by wie die kandidaat werksaam was op 'n onredelike wyse weier, of om die een of ander rede nie in staat is om die sertifikaat te gee nie: Met dien verstande dat bewys tot tevredenheid van die Raad gelewer kan word dat die kandidaat werklik onder die persoonlike toesig van sodanige landmeter of opmeter werksaam was vir die tydperke wat hy, na hy beweer, aldus werksaam was.

(d) Vrystelling kragtens subregulasie (2) word nie toegestaan nie tensy bewys van opleiding of van praktyk tot tevredenheid van die Opmetingsraad gelewer kan word.

(e) Die Opmetingsraad kan eis dat die kandidaat sodanige verdere opleiding as wat die Raad mag goeddink moet ontvang en kan weier om 'n sertifikaat vir 'n korter tydperk van opleiding as 45 werkdade aan te neem.

(4) Die bedrag betaalbaar vir 'n sertifikaat van bevoegdheid om as landmeter geregistreer te word, is R20.

(5) Vir die doel van hierdie regulasie beteken—

‘kadastrale opmetings’ opmetings uitgevoer met die oog op die registrasie van grond of saaklike regte daarin, of die opsporing van bakens, en ook die opstel van die betrokke meetstukke;

‘opmetingswerk’ sodanige grondopmetings waarvan die aard deur die Opmetingsraad goedgekeur moet word, en ook kadastrale opmetings.”

2. Regulasie 23 word hierby gewysig—

(a) deur die woorde “paragraaf (b)” in subregulasie 1 (d) deur die woorde “subparagraaf (i) en (ii) van paragraaf (a)” te vervang; en

(b) deur paragrawe (c) en (d) van subregulasie (1) as (b) en (c) te hernoem.

3. Regulasie 37 word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) van subregulasie (2) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) die sluitingsfout van 'n trek, wat om die reglynige figuur met behulp van die getalsgewens bereken is,

$$0.02 + \frac{P\sqrt{n}}{10\,000}$$

te bowe gaan; of

(b) die onbestaanbaarheid in grootte van die reglynige figuur soos bereken van die sye en hoeke, of rigtings

$$2 + \frac{p^2\sqrt{n}}{80\,000}$$

te bowe gaan,

waar p die omtrek van n die getal sye van die reglynige figuur voorstel.”

4. Regulasie 52 word hierby gewysig deur paragraaf (iii) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(iii) indien dit van die Landmeter-generaal verlang word om verdere afskrifte van 'n kaart of algemene plan soos in onderskeidelik regulasies 25 en 54 genoem, te verskaf;”

5. Regulasie 56 word hierby gewysig deur die syfer “30” tussen die syfers “29” en “32” waar hulle in subregulasie (1) voorkom, in te voeg.

6. Regulasie 59 word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(1) Die meetstukke in paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel 13 van die Wet genoem, is—

(a) die oorspronklike veldboek;

(b) die berekenings, wat 'n lys van alle finale koördinate insluit waarin volledige verwysings na die bron waaruit die koördinate verkry is, verstrekk moet word;

- (c) the working plan;
- (d) a triangulation plan, unless all trigonometrical stations are plotted to scale on the working plan;
- (e) a comparison sketch on which the following are recorded:

- (i) The data derived from the survey;
- (ii) the data obtained or deduced from the original and adjoining diagrams, in brackets; and
- (iii) the data finally adopted for the survey, underlined:

Provided that when the original and new survey are based on the same system of co-ordinates, only a list of the original, surveyed and adopted values need be furnished;

- (f) a report on the survey and on matters incidental thereto, substantially in the form included in Annexure B;

- (g) such records as the Surveyor-General may require when a curvilinear boundary has been determined by photogrammetric methods; and

- (h) an index to the calculations and field notes, which may be included in the co-ordinate list."

7. The following regulation is hereby substituted for regulation 61:

"61. (1) Computations shall be done in ink or printed out on only one side of the paper, whose dimensions shall be 297 by 210 millimetres (Size A4): Provided that minor computations made in the field for the placing of a beacon may be made in the field book.

(2) Computations shall be made throughout in the unit of measure prescribed in regulation 33.

(3) When a survey is not based on trigonometrical stations or on reference marks, the co-ordinate system shall be based on an approximate direction of true north: Provided that in such a survey of land in a township a co-ordinate axis parallel to the general direction of a block of lots may be used.

(4) When co-ordinates are reduced by a constant, such constant shall comprise only figures common to all co-ordinates, so that neither the sign nor any of the numerals of the original values are changed by the reduction: Provided that the reduction shall be confined to multiples of one thousand.

(5) A measure of the accuracy, the reliability and manner of fixes and checks shall be provided and shall be clearly indicated by means of cross-reference or concise statements to the sources from which data for the computations have been obtained and to enable the manner in which the data have been processed to be followed.

(6) When a curvilinear area is surveyed such calculations as may have been made to determine the area shall be furnished.

(7) The computations, if not done substantially in the form of the examples attached to Annexure B to these regulations, shall include:

- (a) the data as abstracted from field records or from reduction sheets;

- (b) the displacements in seconds and their equivalents in metres between the finally selected point and the directions used in its determination by triangulation;

- (c) the displacements in metres between the finally selected point and the distances used in its determination by trilateration;

- (d) the closure of a traverse determination, and the final distances and directions between successive traverse stations;

- (c) die werkplan;

- (d) 'n triangulasieplan, tensy al die peilbakens op die werkplan volgens skaal geteken is;

- (e) 'n vergelykingsplan met die volgende daarop aangedui:

- (i) Die gegewens wat uit die opmeting verkry is;

- (ii) die gegewens verkry uit of afgelei van die oorspronklike en aangrensende kaarte, tussen hakies getoon; en

- (iii) die gegewens wat finaal vir die doel van die opmeting aanvaar is, deur onderstreping aangetoon:

Met dien verstande dat wanneer die oorspronklike en die nuwe opmeting op dieselfde koördinaatstelsel gebaseer is, slegs 'n lys van die oorspronklike, opgemete en aanvaarde waardes verskaf hoef te word;

- (f) 'n verslag oor die opmeting en verwante sake, wesenlik in dieselfde vorm as in Aanhangsel B;

- (g) sodanige stukke as wat die Landmeter-generaal mag vereis as 'n kromlynige grens deur fotogrammetriese metodes bepaal is;

- (h) 'n bladwyser van die berekenwerk en veldaan-tekeninge, wat in die koördinaatlys ingesluit mag word."

7. Regulasie 61 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"61. (1) Berekenings moet met ink gedoen of gedruk word slegs op een kant van die papier, waarvan die grootte 297 by 210 millimeter (Formaat A4) moet wees: Met dien verstande dat kleinere berekenings wat in die veld gedoen is om 'n baken te plaas, in die veldboek geskryf kan word.

(2) Berekenings moet deurgaans gedoen word in die maateenheid wat in regulasie 33 voorgeskryf is.

(3) As n' opmeting nie op peilbakens of versekeringsmerke gebaseer is nie moet die koördinaatstelsel op 'n benaderde rigting van ware noorde gebaseer word: Met dien verstande dat in so 'n opmeting van grond in 'n dorp 'n koördinaat as wat parallel is met die algemene rigting van 'n blok persele, gebruik kan word.

(4) As koördinate deur 'n konstante verminder word, moet sodanige konstante slegs syfers bevat wat aan al die koördinate gemeenskaplik is sodat nóg die tekens nóg enigeen van die syfers van die oorspronklike waardes deur die vermindering verander word: Met dien verstande dat die vermindering tot veelvoude van eenduisend beperk moet word.

(5) 'n Maatstaf vir die akkuraatheid, betroubaarheid en wyse van vasstelling en toetse moet verskaf word en moet duidelik getoon word deur middel van kruisverwysings na of beknopte verklarings van, die bronne waaruit gegewens vir die berekenings verkry is, sodat die wyse waarop die gegewens verwerk is gevolg kan word.

(6) Wanneer 'n kromlynige grootte gemeet word, moet sodanige berekenings as wat gedoen is ten einde die grootte te bepaal, verstrek word.

(7) Die berekenings, tensy dit wesenlik ooreenstem met die voorbeelde in Aanhangsel B van hierdie regulasies, moet die volgende insluit:

- (a) Die gegewens soos uit die veldaan-tekenings of herleidingsvle verkry;

- (b) die verplasings in sekondes en die ekwivalent daarvan in meters, tussen die finaalgekoose punt en die rigtings wat by die bepaling daarvan deur triangulasie gebruik is;

- (c) die verplasings in meters tussen die finaal gekoosde punt en die afstande wat by die bepaling daarvan deur symetring gebruik is;

- (d) die sluitingsfout van 'n trekmeting en die finale afstande en rigtings tussen die agtereenvolgende trekmetingspunte;

(e) limiting values and class of accuracy obtained as prescribed in regulation 11;

(f) calculated distances and directions between the finally selected point and the fixed points used for its determination;

(g) a data or consistency calculation in respect of the numerical data—

(i) on each diagram, excepting diagrams representing regular figures in respect of which co-ordinates are recorded;

(ii) of each figure, other than a regular figure, represented on a general plan.”

8. Annexure A is hereby amended—

(a) by the substitution for proviso (9) of paragraph 1 of the following proviso:

“(9) when a number of properties, represented on separate diagrams and each in extent less than two hectares, are surveyed for subdivisional or servitude purposes, an additional charge of R8 shall be made for the second and each subsequent property so surveyed.”; and

(b) by the deletion of the figure “(1)” where it occurs in paragraph 13 and by the renumbering of the figure “(2)” in the said paragraph as “(c)”.

(e) foutgrense en die graad van akkuraatheid bepaal soos in regulasie 11 voorgeskryf;

(f) berekende afstande en rigtings van die finaal gekose punt na vaste punte wat vir die bepaling daarvan gebruik is;

(g) ’n gegewens- of bestaanbaarheidsberekening ten opsigte van die numeriese gegewens—

(i) op elke kaart, uitgesonderd kaarte wat reëlmatige figure voorstel ten opsigte waarvan geen koördinate aangegee word nie;

(ii) van elke figuur, uitgesonderd ’n reëlmatige figuur, wat op ’n algemene plan voorgestel word.”

8. Aanhangsel A word hierby gewysig—

(a) deur voorbehoudsbepaling (9) van paragraaf 1 deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

“(9) Wanneer ’n aantal eiendomme, op verskillende kaarte voorgestel en elkeen kleiner as twee hektaar, opgemeet is vir onderverdelings- of serwituutdoeleindes, ’n bykomende vordering van R8 gehef word vir die tweede en elke daarop volgende eiendom wat aldus opgemeet is;” en

(b) deur die syfer “(1)” waar dit in paragraaf 13 voorkom, te skrap en die syfer “(2)” in bedoelde paragraaf as “(c)” te hernoem.

CONTENTS

No.	PAGE
PROCLAMATIONS	
R. 292. Date of coming into operation of the Land Survey Amendment Act ...	1
R. 293. Date of coming into operation of the Surveyors' Registration Amendment Act, 1970 ...	1
GOVERNMENT NOTICES	
Agricultural Credit and Land Tenure, Department of	
GOVERNMENT NOTICES	
R.2006. Land Surveyors Ordinance, 1963 ...	2
R.2007. Land Surveyors Registration Act, 1950 ...	5
R.2008. Amendment of Land Survey Act Regulations ...	6

INHOUD

No.	BLADSY
PROKLAMASIES	
R. 292. Datum van inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1970 ...	1
R. 293. Datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Landmetersregistrasie, 1970 ...	1
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS	
Landboukrediet en Grondbesit, Departement van	
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS	
R.2006. Ordonnansie op Landmeters, 1963 ...	2
R.2007. Landmeterregistrasiewet, 1950 ...	5
R.2008. Wysiging van Opmetingswetregulasies ...	6

Die Afrikaanse Woordeboek

VOLUMES I, II, III, IV and V

Copies of the First, Second, Third, Fourth and Fifth Volumes of “Die Afrikaanse Woordeboek” containing the letters A, B, C; D, E, F; G; H, I; and J, K; respectively, are obtainable from the Government Printer, Pretoria and Cape Town at the following prices:—

	Linen Bound.	Leather Bound.
Volume I	R5.50	R7.50
Volume II	R7.00	R11.50
Volume III	R6.00	R10.00
Volume IV	R8.50	R13.50
Volume V	R11.40	R19.05

DEEL I, II, III, IV en V

Deel een, twee, drie, vier en vyf van die Afrikaanse Woordeboek bevattende die letters A, B, C; D, E, F; G; H, I; en J, K; respektiewelik, is van die Staatsdrukker, Pretoria en Kaapstad teen die volgende pryse verkrygbaar:—

	Gewone Linneband.	Leerband.
Deel I	R5.50	R7.50
Deel II	R7.00	R11.50
Deel III	R6.00	R10.00
Deel IV	R8.50	R13.50
Deel V	R11.40	R19.05

YOUR SAVINGS EARN

4%

**INTEREST PER ANNUM
IN THE
POST OFFICE SAVINGS BANK**

DEPOSITS AND WITHDRAWALS CAN BE MADE
AT ANY ONE OF MORE THAN 1,600 POST OFFICES
IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND SOUTH
WEST AFRICA, IRRESPECTIVE OF WHERE YOUR
ACCOUNT WAS ORIGINALLY OPENED.

Buy National Savings Certificates
Koop Nasionale Spaarsertifikate

U SPAARGELD VERDIEN

4%

RENTE PER JAAR

IN DIE

POSSPAARBANK

DEPOSITO'S EN OPVRAGINGS KAN GEDOEN
WORD BY ENIGEEN VAN MEER AS 1,600 POS-
KANTORE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
EN SUIDWES-AFRIKA, AFGESIEN VAN WAAR U
REKENING OORSPRONKLIK GEOPEN IS.

Save Time and Money, Use Franking Machines
Spaar Tyd en Geld, Gebruik Frankeermasjiene

Registered mail carries no insurance.

Send valuables by
INSURED PARCEL POST

and

Money by means of a POSTAL ORDER or
MONEY ORDER.



Use air mail parcel post

———*It's quicker!*



CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.

Geregistreeerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per

VERSEKERDE PAKKETPOS

en

Geld deur middel van 'n POSORDER of
POSWISSEL.



Stuur u pakkette per lugpos

———*dis vinniger!*



RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.